Woensdag 8 Junie
Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-17 (AFR83)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:11, 12

Gedra julle altyd goed as burgers van God se koninkryk!

Die gelowiges aan wie Petrus skryf, was uitlanders in die gebiede waar hulle gewoon het. Dit het baie implikasies vir hulle gehad. Hulle kon geen eiendom besit nie en moes as bywoners iewers ’n plekkie bekom. As vreemdelinge het hulle ook geen politieke regte gehad nie. Hierdeur het hulle baie maklik die prooi van diskriminasie en verontregting geword.

Dit is daarom baie betekenisvol dat Petrus hulle beskryf as *“vreemdelinge en bywoners”*. Met hierdie besonderse beskrywing skets Petrus nie net hulle fisiese omstandighede nie, maar ook gelowiges se posisie in die wêreld. As burgers van God se koninkryk is gelowiges vanweë hulle geloof in Jesus Christus, maar ook vanweë hulle waardes en optrede, anders as die wêreld. Hieroor word daar dikwels op gelowiges neergesien. Hulle word selfs verontreg en uitgedruk deur die samelewing vanweë hulle andersheid.

Christene moet nie hieroor verbaas wees of moedeloos word nie. Ons word opgeroep om nie enige verkleinering of verontregting deur die wêreld te wil beantwoord met ’n oog vir ’n oog en ’n tand vir ’n tand nie. Ons moet nie aan ons sinlike begeertes toegee nie!

As burgers van God se koninkryk moet gelowiges hulle te alle tye in die wêreld goed gedra. Dit geld onder andere vir ons gedrag teenoor die owerheid (2:13-17), teenoor werkgewers (2:18-25), teenoor huweliksmaats (3:1-7), ons naaste in die algemeen (3:8-12) en teenoor enige vorm van verontregting (3:13 – 4:19).

Ons word as gelowiges sterk opgeroep om in al ons verhoudinge voorbeeldig te bly lewe, ten spyte van enige moontlike teenstand. Ons word opgeroep om soos Christus aan te hou goed doen. Mense sal God daarvoor verheerlik, al is dit eers voor die regterstoel van God.

As gelowige is jy ’n burger van God se koninkryk! Laat dit altyd jou eer en voorreg bly. Laat dit jou troos as dit swaar gaan in die wêreld. Laat dit jou inspireer om vir die wêreld te wys dat God jou ook in sy genade ’n nuwe mens gemaak het!

Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3

Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)